SARL-NUUS SONDAG 28 JUNIE 2009

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasio
Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken
U nuusleser is (naam en roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 28,325

In die nuus vandag:

ONTVANGERS VAN SA AMATEURRADIOONTWIKKELINGSTRUST SE
TOEKENNINGS AANGEKONDIG

VANAAND SE INTEGNET BEKYK OPTIESE KOMMUNIKASIE

BACAR VLIEG OP 25 JULIE

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike er

ONTVANGERS VAN SA AMATEURRADIOONTWIKKELINGSTRUST SE
TOEKENNINGS AANGEKONDIG

Tydens n galafunksie wat op Woensdag in Midrand gehou is, het die SA Amateurradioontwikkeli
Met die aankondiging van die 2009 wenners het die uitvoerende voorsitter van die Trust, Hans
Hy het ook n boodskap vir die Goewerment en Besigheid gehad. Hy het gesê dat amateurradio v
Siseko Ngxola, besigheidsraadgewer by NSN het in antwoord gesê dat Nokia Siemens Netwerke gr
Die NSN Radioamateur-van-die-jaar eerbewys is aan Dennis Green, ZS4BS, toegeken in erkenning
SARLNuus is bedroef om te rapporteer dat Dennis se eggenote, Willa, weens n hartaanval die
Die Garth Milne Tegnologiese toekenning word gedeel deur Andrew Roos, ZS6AA, en Hannes Coetz
Die NSN Amateurradiogemeenskapsdienstoekenning het gegaan aan Francois Botha, ZS6BUU, ter er
Die jaarlikse konstruksiekompetisie, waarvoor Multisource die prys borg, is gewen deur Carso

VANAAND SE INTEGNET BEKYK OPTIESE KOMMUNIKASIE

Hoe sal u daarvan hou om d.m.v. net n klompie liggewende diodes te kommunikeer? Sluit vanaa
 n Groep Australiese radioamateurs eksperimenteer met optiese kommunikasietoestelle en het o
Klubs wat graag aan die besprekings wil deelneem, en hulle herhaler aan die net wil koppel,

BACAR VLIEG OP 25 JULIE

Die lang afgewagte vlug van BACAR sal op 25 Julie 2009 plaasvind. n Voorbereidingsvergaderi
Meer besonderhede sal beskikbaar wees op www.amsatsa.org.za.

SARL GAAN ONDERHOUD AAN FORUM DOEN

Die nuutaangestelde moderator vir die SARL se forum, Gerard Coetzee, ZS3TG, het begin met n
Die onderhoudsprojek sal die volgende aksies behels:
Alle gebruikers wat die forum vir die laaste keer voor 1 Januarie 2007 besoek het, sal verwy
Alle dormante gebruikersrekeninge sal voor die einde van Junie skoongemaak word. Gedurende J
Die SARL versoek dat alle gebruikers van die forum hulle volle samewerking aan Gerard bied.

SONVLEKSIKLUS 24: NUWE SONVLEKGROEP MAAK SY VERSKYNING

Daar is moontlik n bietjie goeie nuus op die voortplantings- en moontlik ook op die DX-fron
Tom, wat in Lakeland, Florida woon, merk op dat sonkykers vier siklus 24 sonvlekgroepe hierd

KOMPETISIENUUS

Die Durban ARK se midwinternaelloop word op Woensdag 1 Julie vanaf 19:00 tot 20:00 SAT gehou
Logstate moet 15 dae na die kompetisie ingedien word en kan per e-pos na zs5lp@sharksden.co.

AANBIEDING: RADIOGOLWE IN DIE RUIMTE

Satelliete en ruimtegebaseerde radio is die hoeksteen van baie van ons moderne kommunikasies
Sluit by hulle aan vir n prettige, insiggewende aand aangaande ruimtegebaseerde kommunikasi
Die lesing sal aangebied word in die HMO-wetenskapsentrum an almal is welkom om dit by te wo

HF-VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak die komende week baie laag gaan wees. Die geomagnetiese veld sal oor die algemeen kalm wees. Die voorspelde effektiewe sonvlektelling sal gedurende die komende week minder as 5 wees. Gedurende die week was daar twee klein sonvlekkies wat in die tussentyd reeds weggekwyn het. Daar word verwag dat die gebrek aan sigbare sonvlekke vir 'n rukkie sal aanhou. Met winter hier is die hoeveelheid energie van die son wat die Suidelike ionosfeer bereik besig om steeds verder af te neem. Dit het 'n merkbare effek op die HF-toestande. 15, 17 en 20 m is nog steeds die beste keuses vir DX. Gedurende die middae gaan die toestande na die Ooste en die Weste goed wees. Gedurende laatmiddag en die aand gaan toestande na die Noorde goed wees. Vroegoggend is daar 'n moontlike kans om kontakte met Australië en Nieu-Zeeland te maak. Gedurende die aand is daar 'n moontlikheid van 40 m-kontakte met Brasilië. Noordoostelike, Noordwestelike, Suidoostelike en Suidwestelike paaie gaan uitdagend wees. Langpadpropagasie na die VSA is ook gedurende die middag moontlik. 10 MHz lyk laatmiddag en na sononder bruikbaar vir die Morsekode- en digitale entoesiaste. Plaaslike toestande gaan gedurende die dag op 40 m goed wees. 80 m behoort gedurende vroegoggend en laatmiddag goeie resultate oor die korter afstande, byvoorbeeld tussen ZS5 en ZS6, te lewer. 30 m sal gedurende die middel van die dag goeie resultate tussen ZS6 en ZS1 lewer. Saans is 80 m die beste keuse. Gelukkig is die geraasvlakke a.g.v. statiese ontladings besig om af te neem wat kontakte oor die langer afstande meer aangenaam maak. Opwindende nuus is dat die Noord-Kaliforniese DX-stigting se internasionale bakennetwerk by die Hermanus Magnetiese Observatorium, ZS1HMO, gemonitor word. 'n Grafiese aanduiding van die ontvange seinsterktes kan by http://spaceweather.hmo.ac.za besigtig word. Kies "Ionospheric Data" en dan "HF Propagation Conditions" om te sien watter bakens onlangs, en nie so onlangs nie, gehoor is. Onthou dat hierdie net 'n voorspelling is en dat HF u aangenaam kan verras. Skakel u stel aan, luister en roep ook CQ om seker te maak dat u deel van die opwinding is. Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

28 Junie Digitale kompetisie vanmiddag en Integnet vanaand; 1 Julie Aanbieding oor radiogolwe in die ruimte by die HMO; 13 Julie - Sluitingsdatum vir instuur van logstate vir digitale kompetisie; 16 Julie - Sluitingsdatum vir

instuur van logstate vir Durban ARK se midwinternaelloop.

SARL-Nuus nooi klubs en individue om nuusberigte wat vir radioamateurs en kortgolfluisteraar
Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateur Radio Mirror International, wat om
U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur George, ZS6NE,

Dankie dat u geluister het. 73.

/EX.